’N PARADOKS

Julle kan maar gaan sit. Ek het ’n lang ruk gewag om weer hier by Phoenix uit te kom, en ek is sekerlik vanmiddag bly om hier te wees. Hou van Phoenix, daar is iets daaraan, laat my altyd voel dat ek tussen mense sit wat my vriende is, wat my liefhet. En—en dis ’n groot gebedstryders wat hiervandaan kom om vir my te bid, vir jare. Ek onthou altyd die eerste dienste wat ek hier gehad het met Broer Outlaw, Broer Garcia, en die predikers hier van die stad. Hoe het die Here nie geseën toe ek net in die jeug van my dienste was nie! Sedertdien, het Phoenix gehad groot. . . Iets is in my hart, wat moeilik is om te verduidelik.

2 As ’n klein seuntjie wou ek altyd na Phoenix kom. Ek het altyd oor die woestyn gelees. Ek het ’n klein gediggies gehad wat ek daaroor opgemaak het, toe ek sommer ’n seuntjie was, oor Arizona.

3 Ek’s so bly om nou ’n—’n boorling te wees. Ek skat ek is maar net omtrent ’n jaar oud, en miskien ’n bietjie meer. Maar jy kry nie te veel baie ouer as dit nie. Vir almal wat ek raakloop, sê ek: “Is jy ’n boorling?”

“Wel, soveel as wat daar is. Ek is al so lank hier.”

4 En—en ek veronderstel ek sou na die Apache—reservaat toe moes gaan, of iewers, om ’n regte inboorling te kry.

5 En iemand het gesê, nie lank gelede nie, het gesê: “Broer Branham, hoe hou jy van Arizona?”

6 Ek het gesê: “Wel, dit was een van my groot lewensverwagtinge, om—om in Arizona te woon, en God het my dit toegestaan.”

7 Ons is hier net aan die vooraand van die Sakemanne se konvensie, wat vir ons ’n jaarlikse ding geword het. En vanmiddag, waar ons hier bymekaar gekom het vir ’n vooraf—samekoms voor die konvensie wat Donderdagaand begin, meen ek. Dit was my voorreg, vir die afgelope—afgelope paar jaar, om hierdie klein byeenkomste hierrond te kom hou, voor die ware byeenkoms begin by die. . . of die konvensie, liewer, begin.

8 En Broer Williams is so ’n baie dierbare vriend, hy en Suster Williams. Ek het vir seker ’n warm plek in my hart vir daardie mense. Hulle nooi my voortdurend terug, en so is ons bly om daardie uitnodiging vanmiddag te vervul.

9 Ook op die platform, Broer Fuller, Broer Jewel Rose, en Broer Tony Stromei van Tucson, en Broer Borders ons veldtogbestuurder. En ’n—’n goeie ou kosbare broer,

Arganbright, ons was saam gewees in baie harde stryde, aan die ander kant van die rivier; ek verwag om met hom saam te woon aan die oorkant van die groot rivier eendag.

10 Ek kan nie aan die broer se naam dink nie, ek het probeer. Wat is jou naam broer? [’n Broer sê: “Al Booher.”—Red.] Booher, Broer Booher. Ek—ek ken sy gesig. En is jy nie die een wat ook tolk soms vir die . . . [“Tolk vir die dowes.”] vir die dowes. Dis . . .

En ons is so bly om julle almal hier te hê.

11 Ek het sommer afgekyk hier voor my, en ek sien sommige van my vriende die hele ent van Arkansas af, hier. Toe ek die eerste keer hier was, het ek julle gesê dat oral waar ek gaan, kry ek iemand van Arkansas. Ek is seker, as ek ooit in die Hemel kom, sal ek sommige van Arkansas daar kry, want hulle was sekerlik getroue, lojale mense.

12 Nou, gewoonlik praat ek ’n lang tyd, maar ek het my bes probeer om soort van my Skrifte en nota te maak sodat ek nie te lank sal praat nie. En ek wil vir die siekes bid terwyl ek in Phoenix is.

13 Nou, die Boodskap wat die Here aan my toegesê het, dis somtyds, julle weet, hierdie dinge raak nogal netelig. En dit was so in elke eeu. En ek het my bes probeer om Daarby te bly. Dis iets. En as ek nie daardie ding gesê het wat God my gesê het nie, en as dit was—nie van God was nie, dan sou Hy . . . sou dit nie in die Woord gewees het nie. As dit in die Woord is, en ’n belofte vir hierdie uur, dan voel ek ek doen wat reg is, want ek probeer net hou wat Hy vir hierdie uur beloof het.

14 En baiekeer as jy iemand teengaan in hulle teologie, het hulle met jou ’n uitval, sommer gou. Maar dit moenie wees nie. Ek probeer om . . . Ek vind vriende van my wat van alle verskillende denominasionele kerke is, ensovoorts, ek het nooit uitvalle met daardie broers nie. Goeiste, ek gaan na hulle kerke, oral waar hulle my laat kom, en preek. Maar ons behoort nie uitvalle te hê, oor klein idees nie.

15 Maar, julle weet, as ek iets anders gesê het as wat in my hart is, sou ek ’n huigelaar wees. En ek—ek . . . Verre sy dit! Ek moet Hom dalk eendag ontmoet, as ’n sondaar, maar ek wil Hom sekerlik nie ontmoet as ’n huigelaar nie. Maar ek wil getrou wees. En as ek sommer sê: “Wel, ek sal Dit net uitlaat omdat die res van hulle *dit*, *dat* glo,” watter soort mens dan? Julle sou geen vertroue in my kon hê nie, en ek sou nie vertroue in God of in myself kon hê, as ek sommer so maklik toegee nie.

16 Enigeen moet iets hê waarvan hulle seker is. En dis dan wanneer jy jou geloof kan baseer, is wanneer jy seker is. Maar totdat jy seker is, as daar ’n vraag is, los dit dan uit totdat jy seker is.

17 Nou Billy het waarskynlik 'n paar gebedskaarte uitgegee, wat ek dink hy. . .Ja, ek het gesê hy moet. En ek meen hy het vir my gesê, 'n rukkie gelede, dat hy het. Iewers deur die loop, sal ek 'n paar na die gebedsry roep, na 'n ruk, om voor gebid te word. En as jou kaart nie geroep word nie, as. . .En dit geroep word, liewer, en jy's nie seker dat God die geneser is en Hy jou gaan genees nie, sal dit geen nut hê om hierheen te kom nie, want jy sal nie genees word nie. Jy, as daar een vraag is, jy sê: "Wel, nou, as daar iets in my lewe is, ek behoort dit regtig reg te stel," gaan maak jy dit eers reg, en kom dan terug na die gebedsry, sien.

18 Want, genesing is die kinders se brood. Ons besef dit. Dis in die versoening, en die versoening word eers aangewend aan ons siele. En genesing het altyd elke boodskap voorafgegaan, en dit was ook altyd 'n manier om mense bymekaar te bring. En dis 'n. . .

19 Baie mense sal 'n genesingsdiens borg, baie sal na 'n genesingsdiens kom, of na 'n sangfees, maar wanneer dit kom by 'n arme verlore siel om gered te word, is daar nie veel mense daarin geïnteresseerd nie. Hulle sommer. . .Maar dis die hoofsaak. Goddelike genesing en sangfeeste, ensovoorts, is net. . .Soos Broer Bosworth altyd gesê het: "Dis die aas aan die hoek." En jy wys die vis die aas, nie die hoek nie.

20 En dis juis die ding, om die mense te kry om 'n ruk te luister, sodat jy werklik jou boodskap aan hulle kan voorhou. God het dit in elke eeu gedoen, deur elke eeu, was daar altyd 'n genesingsveldtog. En as dit 'n egte genesingsveldtog is, is daar agter daardie veldtog, altyd, 'n boodskap. Daar word nooit 'n teken gegee net vir 'n teken nie; dit gaan 'n boodskap vooraf.

21 En ek glo dieselfde ding is, sewentien jaar gelede, of nou agtien jaar, dat die Here my uitgestuur het om vir die siekes te bid. Dit het 'n groot herlewing onder die mense veroorsaak. Baie groot diensknegte van God het uitgegaan in genesingsveldtogte, en, maar die genesingsveldtog, op sigself, as jy steeds bly op dieselfde ou trant wat jy altyd was, is daar iets verkeerd, is daardie genesingsveldtog nie deur God gestuur nie. Dit moet eers aandag trek, sien, om die aandag te kry, en dan die boodskap.

22 Jesus, toe Hy na vore gekom het, die siekes genees het, ensovoorts, was Hy 'n groot Profeet vir hulle almal. Maar toe Hy hulle die Waarheid van die Evangelie begin vertel het, Wie Hy was en waarvoor Hy gekom het, toe was Hy—was Hy daarna nie gewild nie. En dis hoe dit altyd was deur elke eeu, en dit sal so voortgaan.

23 Nou ons is hier vanmiddag, en dan môre—namiddag in hierdie selfde ouditorium. Alles is om sewe-uur. Is dit reg, broer? ['n Broer sê: "Sewe-dertig."—Red.] Sewe-dertig, môremiddag, of

aand, en dan Dinsdagaand. En ek dink Woensdagaand, ook. [“Nee, by die Ramada Inn, Woensdag.”] By die Ramada Inn, Woensdag. En dan Donderdag, dis reg, begin die—die konvensie. En as die Here wil, wil ek hier wees deur dit alles.

24 Ek’s hier, julle broer, ’n helper in God se Koninkryk, om julle te help met enigiets wat ek kan. Om julle vraag te beantwoord, ek is dalk nie in staat om dit te doen nie. Maar, biddend, sou ons waarskynlik verstaan as ons daaroor sou bid en daaroor na God gegaan het, en nie ons eie opinies vorm nie.

25 As jy siek is, wens ek ek kon jou genees, maar geen mens kan dit doen nie. Dis alreeds gedoen. Genesing lê in jou. Dis jou geloof in die voltooide werke wat God op Gólgota gedoen het, met Jesus Christus. En buiten dit, is daar geen genesing nie; en buiten dit, is daar geen verlossing nie; geen kerk, geen denominasie, geen ritueel, niks dra verlossing nie. Jesus Christus: “Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Hy *is* terwille van ons oortreding deurboor, oortredinge,” verskoon my: “deur Sy wonde *het*,” alles in verlede tyd: “het daar vir ons genesing gekom.” Nou, daarop!

26 Ek het maar net ’n paar minute om met julle te praat, vanmiddag, waarskynlik twintig, dertig minute, en dan gaan ons die gebedsry laat begin. Elke dag, soos gewoonlik, kom nuwe mense in, so daar sal nuwe gebedskaarte uitgegee word. Maar ons sal alles wat in ons vermoë is doen, alles wat God ons sal toelaat om te doen, om vir elke siek persoon te bid wat kom, wat voor gebid wil wees.

27 As daar so-iets is soos ’n persoon wat invlieg, sterwend, noodgeval of iets, wel, julle kan Broer Williams, Billy Paul, sien, of van hulle om hulle in ’n kamer te kry, dat hulle nie wil. . . Hulle kan nie sit nie, hulle is sterwend, hulle moet sommer nou bedien word, wel, sit hulle in ’n kamer sodat ek sommer dadelik by hulle kan uitkom.

28 Maar dis baie beter, as jy nie in daardie noodtoestand is nie, dat jy—dat jy net jou geloofsbelydenisse en—en jou gelowe sal neem, en hulle net ’n paar minute opsy sal sit, net lank genoeg om te luister na wat die Skrif sê, en dan wat God doen oor wat Hy beloof het. En dit sal geloof opbou. En jy sal nie eens in ’n gebedsry hoef te wees nie, en niemand vir jou hoef te bid nie. Jy’s alreeds genees, as jy dit net kan glo. Sien? En dit is die doel daarvan, is om jou te laat, is om bewus te maak, vir jou, van dit wat Jesus vir jou gedoen het.

29 Dit is nie nodig om hierheen te kom en neer te kniel, en deur te bid nie, totdat jy—totdat jy gered is nie. Jy’s alreeds gered, maar jy moet dit aanvaar. Jou gebede doen dit nie. Jou geloof is waardeur jy gered word, nie deur gebed nie. Maar: “Deur geloof word julle gered.” Dieselfde ding deur genesing. Ek is seker ons verstaan dit almal.

30 En as daar vreemdelinge in ons poorte is, ons wil hê dat julle moet weet dat, wat myself betref, of hierdie groep met wie ek hier saam is, die Volle Evangelie Sakemanne, ons verteenwoordig geen sekere denominasionele organisasie nie. Ons verteenwoordig slegs Christengelowiges in alle denominasies. Almal is welkom. Ons is net bly om julle hier te hê. Jy sê: "Wel, ek behoort aan 'n sekere kerk, kan vir my gebid word?" Nee, jy hoef nie eens aan 'n kerk te behoort nie, hoef niks te doen nie, kom maar net hierheen en glo God. Dis al wat jy hoef te doen. God doen die res daarvan.

31 Nou, ek—ek het een Bybel opgebruik, sedert ek met die genesingsveldtogte begin het, of vir die siekes begin bid het, liewer. By Houston, Texas, is vir my 'n Bybel gegee, jare gelede, sowat agtien jaar gelede, deur Broer Kidson en sy groep. En ek het daardie Bybel saamgedra, heen en weer die wêreld om, totdat dit sommer heeltemal opgebruik was, blaaie het daaruit losgekom.

32 En ek is pas 'n nuwe Bybel gegee. En die vreemde ding. . . Ek is nie bygelowig nie; ek hoop nie julle mense dink dat dit bygelowig sou wees nie. Toe hierdie Bybel aan my gegee is, het hulle gehad 'n klein. . . twee merkertjies daarin, lintjies. Dis 'n Bybel soos wat ek gehad het.

33 Broer Kidson het my een gegee, was 'n Scofield—Bybel, nou, nie omdat ek met Mnr. Scofield saamstem in sy notas nie. Nou, waarskynlik stem sommige van julle saam, sommige van julle nie, maar ek laat julle maar net weet dat ek nie Scofield—Bybel neem omdat ek dit glo nie. Omdat hy dit so in paragrawe ingedeel het. Dit was een van my eerste Bybels, en ek het net geleer om dit so te lees. En ek hou maar dieselfde Bybel. Wat, as ek die Thompson Chain sou gehad het, sou dit baie beter gewees het. Ek sou by teks baie gouer in 'n Thompson Chain Reference kon gekry het.

34 Maar toe ek die Bybel oopgemaak het, die eerste lintjie in die Bybel was 'n baie vreemde ding, waar dit was. Was toe Salomo die tempel van God toegewy het, en die Heerlikheid van God so groot was, die Shekinah-heerlikheid in die gebou, dat die priesters selfs nie kon bedien nie.

35 En dan het die volgende lint gelê waar Esra teruggekeer het en die tempel toegewy het.

36 En die derde merkertjie, wat my vrou vir my gekry het en in die Bybel gesit het, sonder om te weet, met my naam daarop, ensovoorts, het gelê by Markus 11:22. Sy het dit sommer in die Bybel ingesteek, en dis waar dit was. En dis: "As julle vir hierdie berg sê: 'word beweeg.'" En julle almal weet wanneer daardie Skrif in my gedagte was, julle bandmense, dis toe daardie eekhorings reg ingekom het, presies daarin.

37 En dan die eienaardige daarvan was, my gunsteling voël, rooiborsie, prent was op die merker, die voëltjie met die rooi borsie. Soos die legende lui, dat hy eenmaal 'n bruin voël was; maar daar het eendag 'n Man gesterf, aan 'n kruis, en hy het die Man so jammer gekry dat hy nadergevlieg het om self die spykers te probeer uittrek, en hy het Bloed oral oor sy borsie gekry, en sedertdien is hy 'n rooiborsie. Dis hoe ek—ek my Verlosser ook wil ontmoet, met Sy Bloed aan my . . . binne my bors, aan my hart.

38 En dan my eerste diens, Boodskap wat ek hier moet preek, is by Phoenix, Arizona. *Phoenix* is iets wat kan opstaan uit niks. Dis wat God doen. Hy neem niks, rig iets daaruit op.

39 En my Boodskap vanmiddag, is getitel, vir die volgende dertig of veertig minute: "paradoks." En ek wil lees uit 'n Skrif wat . . .

40 'n Paar jaar gelede, dat, sou ek 'n Bybel neem, en jou my die Bybel laat aangee, toe ek eers my bediening begin het; en sommer jou Bybel neem, en baie van julle het my dit sien doen, en dit sommer *so* oophou, en sê: "Here, waar is die Boodskap aan my?" Dit het oopgegaan by Josua, die 1ste hoofstuk, enige Bybel wat jy my sou gee.

41 Totdat een aand 'n visioen gekom het, waarmee julle bekend is, en ek daardie Bybel uit die Hemel sien afkom het, en 'n hand met 'n omslag aan 'n mou, het *so* met die eerste nege verse van Josua langs gegaan.

42 Dis waaruit ek lees, vanmiddag, vir my voorlesing, of my Skriflesing. My teks word gevind in die 10de vers en die—die . . . ek bedoel die 10de hoofstuk en die 12de vers.

43 Voor ons die Bybel oopmaak, laat ons net 'n oomblik ons hoofde buig. Nou met ons hoofde en ons harte geboë, laat ons dit dink. Laat ons nie maar net dit 'n gewone diens laat wees nie; ons het hulle die hele tyd. Maar laat ons God bid, elkeen van ons, vir hierdie om 'n buitengewone te wees, in soverre dat die Teenwoordigheid van God met ons sal wees voortdurend deur die diens.

44 Hemelse Vader, ons is dankbaar vir hierdie grootse en edele voorreg om hier in Phoenix te wees vanmiddag, byeen hier in hierdie groot ouditorium, tussen hierdie mense. En nou is ons op die punt om die Woord te nader. "En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." En mag dit weer wees, Here, dat die Woord vlees sal word, Dit deur U Kerk en U mense sal vloei, om die beloftes van die uur te vervul.

45 Waar ons besef dat ons—ons die tyd afsluit, tyd loop uit. Dit vermeng met die Ewigheid. En ons is aan die Weskus. En soos die beskawing getrek het, Ooste na die Weste, so het die Evangelie daarmee saam getrek. En nou is daar geen plek om heen te gaan as net weer Ooste toe nie. Dis voltooi.

46 En ons bid, Hemelse Vader, dat dit 'n groot uur sal wees vir ons almal, dat ons die Teenwoordigheid van die Heilige Gees sal kan aanvoel, die Skrywer van die Woord, terug in die gebou van die tabernakel van vlees; wat Hom aan ons manifesteer, in die vergifnis van ons sondes, die vergewing van ons ongeregtigheid, en met die versekering dat Hy nie sonde aan die gelowige sal toereken nie, met die versekering daarvan. En ook dat Hy ons krankhede sal genees, en die—die mense uit die rystoele en van die krukke af sal neem; en hulle sig gee, hulle wat blind is; en—en verlenging van dae, van hulle wat sterwend is met aaklige siektes soos kanker en tuberkulose, gevorderd, en siektes wat ons geneeshere nie kan keer nie. Dis daarby verby, maar, God, U gaan by alle wetenskaplike navorsing verby. U gaan alle verstand te bowe. Skenk aan U diensknegte, vanmiddag, die spreek en hoor van U Woord, oor die onderwerp: *'n Paradoks*. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

47 Nou in die Bybel, Josua die 1ste hoofstuk, en Josua die 10de hoofstuk. Die 1ste hoofstuk en 1ste vers.

> *En na die dood van Moses, die kneg van die Here, het die Here met Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses, gespreek en gesê:*
>
> *My kneg Moses is dood; maak jou dan nou klaar,* en *trek deur hierdie Jordaan, jy en hierdie hele volk, na die land wat Ek aan hulle, die kinders van Israel sal gee.*
>
> *Elke plek waar* jou *voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het.*
>
> *Van die woestyn en hierdie Libanon af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier, die hele land van die Hetiete en tot . . . die Groot See in die weste sal julle grondgebied wees.*
>
> *Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie.*
>
> *Wees sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.*
>
> *Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat* My . . . *wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan.*
>
> *Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel*

volgens alles wat daarin geskrywe staan, want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan.

48 [Broer Branham lees nou Josua 10:12—14—Red.]

Toe het Josua tot *die* HERE *gespreek, op die dag dat die* HERE *die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê:* Staan stil op . . . *Son staan . . . stil in Gibeon, en maan, in die dal van Ajalon!*

Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hulle vyande. Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent 'n volle dag.

En daar was geen dag soos hierdie een, voor hom en ná hom, dat die HERE *na die stem van 'n man geluister het nie; want die* HERE *het vir Israel gestry.*

49 Mag die Here Sy seëninge byvoeg by die lees van Sy Woorde. Nou die onderwerp van vanmiddag: *'n Paradoks*.

50 Nou, die woord *paradoks*, waar ek dit pas nageslaan het en seker te maak dat—dat ek reg is, die woord *paradoks* beteken, volgens Webster, dat dit "iets ongelooflik, maar dis waar," is. Nou, julle weet, ons het die ou gesegde gehoor, dat—dat: "Waarheid is vreemder" (wat noem hulle dit?) "vreemder as fiksie," die waarheid is. Want, wanneer die persoon die waarheid vertel, is dit soms baie vreemd.

51 Ek ken 'n vriend van my, daar in Colorado. Hulle het 'n opname gemaak, sou 'n opname van elk maak. En daar was een-en-twintig stuks elk in die trop. En my vriend, toe, het daar gejag, en toe kom die bewaarders aan. En hulle het 'n groot prys betaal, het die bewaring, vir een van hierdie sneeumobiele, om terug te gaan en 'n elk—opname te maak. Hy het gesê: "Julle moes nie al daardie geld gespandeer het nie. Ek kan julle sê hoeveel elk daar is." En hulle het hom uitgelag. Het gesê: "Hoeveel?"

52 Hy het gesê: "Daar is negentien." Het gesê: "Daar was een-en-twintig, en ek het twee van hulle doodgemaak."

53 En die bewaarder het vir hom gelag. Jy's net toegelaat om een dood te maak, julle weet. En hy het gesê: "Ja, ek weet jy het."

54 "Wel," gesê: "dis wat ek gedoen het. Daar was een-en-twintig elk, en ek het twee doodgemaak."

55 En die bewaarder het net gelag en teruggegaan. En dis wat daar was, negentien elk. Sien?

56 Hy het na my toe omgedraai, gesê: "Sien jy, prediker, praat net die waarheid, die mense sal dit nie glo nie." Sien, praat net die waarheid, so dit is sekerlik vreemder as fiksie.

57 Josua hier is 'n Boek, eintlik, is dit 'n Boek van verlossing, van die Ou Testament. Josua, ons sal dit so moet beskou, die Boek van verlossing. Want, dis, verlossing het twee dele. Verlossing, enige plek, het twee dele. Dit is, dis "uit" en "in." Dit verg twee dele om verlossing te bring: "uit," "in."

58 Moses het die wet verteenwoordig wat hulle uit Egipte uitgebring het, en, terwyl, Josua genade verteenwoordig het wat hulle in die beloofde land ingeneem het. 'n Ander manier, was, die—die wet en genade was twee verskillende aspekte van God se gebod. Nou, die wet het hulle uitgebring, Moses, en Josua het hulle ingeneem.

59 Dit verteenwoordig ook iets vir ons dag. Nou dit verteenwoordig, soos hulle op die reis was, gekom het van—van Egipte in 'n beloofde land in, so het ons gekom uit 'n wêreld van Egipte, chaos, op ons pad na 'n beloofde Land. "In My Vader se huis is baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek julle gesê het," Johannes 14. Gekom: "uit," gaan "in."

60 Dis die wet wat ons daartoe bring om te erken ons is verkeerd; maar dis genade wat ons vergewe. Die wet het geen hoop op—op verlossing nie, omdat . . . en om dit te voltooi. Dit het geen genade daarin nie, want die wet dui net aan dat jy 'n sondaar is, maar genade sê jou hoe om daar uit te kom. Die wet is die polisieman wat jou in die tronk gesit het, maar verlossing is die Een Wat jou boete kom betaal het; en "uit" en "in," in genade in.

61 Die Efése. Nou ons kry dieselfde ding, die Ou Testament, wat ek dink hierdie van Boek Josua pas. 'n Gepaste woord daarvoor, sou wees, die Boek Efése van die Ou Testament. Die Boek Efésiërs van die Ou Testament, sou 'n goeie ding wees om hierdie Boek Josua te betitel, want dis sekerlik gepas hiervoor.

62 Nou ons vind Josua wat genade verteenwoordig, of mate van versoening, dat dit nie kon bestaan terselfdertyd as wat die wet bestaan het nie.

63 Net so stem enige boodskap, wat dit mense voorwaarts neem, nooit met 'n boodskap van die verlede ooreen nie. Dit sal dit nie doen nie. Dis waar jy vandag probleme het. Jesus het gesê: "Neem iemand 'n—'n nuwe stuk kleed en sit dit in 'n oue? Of sit die nuwe wyn in ou bottels? Hulle vergaan. Dit laat hulle oopbars." Hulle kan dit nie verduur nie.

64 En Josua kon glad nie tot sy bediening kom voor Moses eers weg was nie. So julle sien die heel eerste vers hier: "Moses

My kneg is dood; maak nou klaar en neem hierdie volk na die beloofde land." Moses, wat die wet verteenwoordig, het sy tyd uitgedien. Dis, die wet het sy tyd uitgedien.

65 Hulle het weggetrek, werklik, met genade, van die begin af. Voor hulle die wet gehad het, het hulle genade gehad. Terwyl hulle in Egipte was, sonder die wet; nie een daar nie, was net die priesters, ensovoorts, maar hulle het nie enige wette gehad nie. Die wet was nog nie gegee nie. Genade het vir hulle 'n profeet voorsien. En, ook, het genade 'n versoening voorsien, die offerlam. Ons kom hierdie week daarby, oor die offerande, die bloed, want daar lê julle genesing. So oor . . . Die versoening is voorsien voor daar enige wet was. Genade was voor die wet, gedurende die wet, en na die wet.

66 So daar was Josua, het genade verteenwoordig, was reg langs die wet, maar kon nie van krag word solank die wet in sy regte plek was nie.

67 En so het die kerkwêreld in hierdie laaste dag! Dit het aangekom, dit het sy rol gespeel, maar daar kom 'n tyd waar dit moet ophou. Dit moet dit doen. Daar moet 'n Efésiërs wees, ook, van hierdie reis, net soos wat daar van ander reise was. Daar moet 'n Efésiërs kom, 'n Efése, 'n Efésiër van hierdie reis. Hou dop.

68 Waarin daardie wet nooit 'n sondaar kon red nie, soos ek aangedui het. Dit kon nie. Daarom het die beloofde land 'n dag van genade verteenwoordig. Sien, hy kon hulle nie inneem, in daardie reis nie.

69 En as julle oplet, in daardie reis, hulle het drie fases van hulle reis gehad. Eerste was die voorbereiding deur geloof, daar in Egipte, onder die offerlam. Toe het hulle die Skelfsee oorgesteek, in die—die wildernis in, 'n skeiding, wat 'n ander fase van die reis verteenwoordig het.

70 Omdat, onder die voorbereiding, toe hulle almal gereed gemaak het, toe, toe hulle gekom het by die—by die Skelfsee, was daar weer 'n mislukking. Die mense het nie geglo nie, nadat hulle baie dinge gesien het wat God gedoen het. Hulle het steeds nie geglo nie. En God het die Skelfsee oopgemaak en hulle uitgeneem, wat ons geleer word dat al die mense gedoop is tot Moses, onder die Wolk en die see.

71 Nou is hulle gedoop, het bekeer en is gedoop, en het uitgekom om te wandel in 'n nuwe lewe, in 'n nuwe land, in 'n nuutheidsreis, tussen nuwe mense, en die hand van God op hulle. Maar dit het uiteindelik gekom by 'n punt, in hierdie wandel wat hulle gehad het, dat hulle nie tevrede was met hulle genadewandel nie. Hulle wou kom tot iets wat hulle self kon doen.

72 Nou dis waar mense dink, vandag, van Goddelike genesing of enige ander werk van genade, van God, dat daar iets is wat jy moet doen. Jy, daar is niks wat jy moet doen behalwe glo nie, glo God net.

73 En, hulle, as hulle voortgegaan het! Die belofte is hulle nie onder die wet gegee nie. Die belofte is gegee voor die wet, sonder enige voorwaardes daaraan: "Ek het julle hierdie land gegee, gaan heen daarin!" Maar voor hulle by daardie belofte gekom het, het hulle besluit daar is iets wat hulle self moet doen.

74 En, dit, ons vind dit steeds onder mense. Ons is geneig om so te wees: "Daar is iets wat ons moet doen." Ons voel dit, dat ons ook iets daarin te doen moet hê.

75 Jy het wel iets daarin te doen, dis jou oorgawe van jou eie wil, jou eie idee, aan die wil en idee van die Almagtige God, en dis klaar. Dis al wat daar is. Neem maar net Sy belofte, moenie aan niks anders dink nie. Wandel Daarvolgens, en God doen die res daarvan.

76 Toe wou hulle 'n wet gehad het. En God gee jou altyd die begeerte van jou hart; Hy het belowe om dit te doen. Maar ons vind uit, toe hulle een tree gegee het weg van die kant van wat God hulle oorspronklik belowe het, toe was dit 'n doring in die vlees totdat die wet weggeneem is, totdat Jesus Christus gekom het en gekruisig is om die wet weg te neem. Dit was 'n doring in die vlees.

77 En enigiets wat jy uit jou eie probeer doen, dit sal altyd tot jou oneer werk. Dit sal tot jou nadeel strek. Glo God eenvoudig net, en dit handel dit af. Wat God beloof het: "Ek is die Here jou God Wat al jou siektes genees." Sien? "As daar sommige onder julle is, siek, laat hulle die ouderlinge van die kerk roep." Hy het belowe: "Die werke wat Hy gedoen het, sal in Sy kerk gedoen word."

78 Waarom moet ons organisasies, ensovoorts, aanvaar, wat dit van die Boek af wil afskryf? Sien, dit—dit word 'n doring in die vlees. En hier by die endtyd, loop ons die ding weer raak, van aangesig tot aangesig, dit hang van die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, en wat nog, af, sien. Jy, jy kan nie voortgaan nie; jy moet terugkom na die hele volle Evangelie. Dit is gemaak vir die volle mens, deur 'n volledige God Wat vlees geword het en onder ons gewoon het. En ons weet dat daardie dinge waar is.

79 Nou as ons dan oplet, hulle reis in die woestyn is waar hulle hulle grootste fout begaan het wat Israel ooit gemaak het, tot by Gólgota, was toe (in die Eksodus 19) hulle wet aanvaar het in plaas van genade. Hulle het genade gehad. Hulle het 'n profeet gehad. Hulle het—hulle het 'n offerlam gehad. Hulle het verlossing gehad. Hulle is deur die Skelfsee gebring. Hulle is

van hulle siektes genees. Hulle het water uit 'n geslaande rots gehad. Hulle het—hulle het manna uit die hemel gehad. Alles waaraan hulle behoefte gehad het, is voorsien, en steeds wou hulle iets anders hê.

80 Nou dis 'n perfekte tipe van ons Efésiërs vandag, presies. Ons het uitgekom onder Luther; ons het deur heiligmaking gegaan, onder Metodis; en het in die herstel gekom, onder die Pinksterbeweging. Presies soos dit was, die woestynreis. En toe God ons uitgebring het, het ons baie goed gevaar. Maar wat het ons gedoen? Wou soos die res van hulle wees. Nou vind ons dat genade die enigste ding is wat ons deurneem, nooit wet nie.

81 Josua is hier 'n tipe van die laaste—dae bediening. Sien? Nou onthou daardie drie fases van die reis. Alles het opgehou, eers moes die wet en alles ophou, sodat Josua . . . En *Josua* is dieselfde woord as Jesus: "Jehova-verlosser," wat hulle uit hulle wildernis in die beloofde land ingeneem het. Nou ek weet baie hou . . .

82 En ek wil nie verskil van die geleerdes nie, maar baie hou daarby dat die beloofde land die Hemel verteenwoordig. Dit kon nie die Hemel verteenwoordig nie. Dit kon nie, want hulle het oorloë gehad, en probleme, en ongedurighede, en alles in die beloofde land. Dit verteenwoordig nie die beloofde Land nie.

83 Maar julle let op, net voor hulle die beloofde land binnegegaan het, al die—die verskille wat—wat onder hulle ontstaan het. Hulle . . . Een van die groot dinge was Korag. Hy wou nie hierdie een—man leierskap gehad het nie. Datan, en hoe hulle voor Moses gekom het en hom probeer vertel het dat "die—die boodskap moes *dit* beteken," en 'n ander interpretasie daaraan gegee het, hulle eie idees van wat dit was. En hulle het die laaste een omgekom! Die laaste een!

Jesus het gesê: "Daar was nie een van hulle wat nie omgekom het nie."

84 Hulle het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die woestyn, vir die duur van veertig jaar," Johannes 6.

Jesus het gesê: "En hulle is die laaste een dood."

85 *Dood* beteken "Ewiglik geskei." Hulle is almal dood, tog het hulle die voorreg gehad om die boodskap te hoor, tog het hulle die manna geëet wat geval het. Nie ander manna nie; die egte manna!

86 Maar toe dit kom by die tyd dat Bileam na vore gekom het met die vals leer, en gesê het: "Ons is almal een. Waarom gaan ons nie sommer saam en laat ons kinders met mekaar trou nie? Ons is 'n groot nasie. Ons sal julle groot maak saam met ons." Nou enigeen met gewone geestelike insig kan presies daardie selfde ding selfs vandag sien, hulle almal saam laat trou. En dit was 'n onvergeeflike sonde. Dit is Israel nooit vergewe nie.

Maar toe het Josua opgestaan vir die eksodus.

87 Nou ons word geleer, in Openbaring die 6de hoofstuk, dink ek, ja, 6de hoofstuk, van die Sewe Seëls. Dis veronderstel . . . Die Boek verseël te wees met sewe verborgenhede, of Sewe Seëls, Openbaring 6. En in die laaste dag, Openbaring 10, in Openbaring 10, vind ons uit dat die Laodicea, laaste boodskapper van die laaste eeu, en gedurende die tyd van sy profesie, dat die Sewe Seëls geopen sal word, die sewe verborgenhede, sewevoudige verborgenhede wat agterweë gelaat is.

88 In elke eeu is daar 'n deel Daarvan agterweë gelaat. Die hervormer het nie tyd gehad om Daarvoor te sorg nie. In die dae van Luther, het hy slegs regverdigmaking deur geloof verkondig. Hy is weg, hulle het 'n kerk gemaak. Daarna het Wesley gekom, hy het heiligmaking verkondig. Daar was dit. En toe kom die Pinksters.

89 Maar ons is beloof, volgens Openbaring 10, en volgens Maleági 4, en Lukas 22:17, ensovoorts, dat daar 'n—'n Efésiërs hiervoor moet kom. Daar is dit beloof, vriende. Daar moet 'n Efésiërs kom, dat hierdie sewevoudige verborgenhede van die Woord van God ontvou moet word. En dit is in die Laodicése eeu wat dit plaasvind. Ek glo dat ons—ons daar is.

90 Ek glo ons is reg in die skadu's van die Koms van die Seun van God. En soos Josua, net voor die Efésiërs opgestaan het, so het Johannes die Doper opgestaan net voor die volgende Efésiër. En ons is nog een beloof, nog 'n Efésiërs. Dis voorspel hier in die Skrif, daarom dink ek dat ons weer in die Efésiërs leef. Weer terug na . . . Ons is beloof dit wat agterweë gelaat is gedurende daardie sewe eeue.

91 Nou jy kan niks byvoeg by die boek nie, of niks Daaruit wegneem nie. Openbaring 22:18 sê so: "Wie ook al een Woord sal byvoeg, of een Woord wegneem, sy deel sal uit die Boek van die Lewe uitgeneem word." Nou ons kan nie byvoeg of wegneem nie.

92 So daarom weet ons dat Luther nie Daarby kon kom nie; Wesley, ensovoorts, die hervormers, Knox, Finney, Calvyn, verderaan, sovoorts, hulle het nie Dit alles gekry nie, maar wat hulle gehad het, was die Evangelie—Waarheid.

93 Maar nou in die laaste dae, word aan ons die begrip gegee, deur die Woord, dat ons Dit gaan begryp, omdat dit 'n Efésiër—eeu daartoe sal kom. En ons is hier! Nou, paradoks! Ek sal dit daar laat, want ek het net omtrent nog tien minute en dan sal ons die gebedsry hê. Paradoks!

94 Daar was sommige mense, van vandag, wat nie in wonderwerke glo nie. Hulle sê hulle "kan net nie glo dat daar so—iets soos wonderwerke in hierdie moderne eeu is nie." Wel,

ek bedoel nie om enigiets slegs oor daardie persoon te sê nie, maar hulle is geestelik lam. Hulle, hulle, hulle is—hulle is geestelik blind. Hulle het geen geestelike sig of geestelike gevoelens, hoegenaamd nie. Want, geen mens kan in 'n skare mense sit, waarin die Heilige Gees neerdaal, maak nie saak of hy absoluut 'n sondaar is nie, of sy, of hulle sal beslis die Teenwoordigheid van God aanvoel, wanneer jy sien die Woord wat Hy beloof het, word vervul. Dan sou jy lam moes wees; en wanneer jy dit met jou eie oë sien, gebeur, dan sal jy blind moet wees, geestelik, ek praat nie van fisies nie. Maar jy kan sekerlik geestelik blind wees, en twintig—twintig fisiese sig hê.

95 Onthou julle Elía daar by—by Dotan, toe hy heengegaan het en daardie hele leër met blindheid geslaan het? Die Bybel het gesê hy het. En het hulle reg in die hinderlaag ingelei, toe hulle nie geweet het wie hy was nie. En het tog syne gehad presies soos hy veronderstel was om te lyk, ensovoorts, en hy het tot reg by hulle gegaan. Maar hulle was blind.

96 En jy kan in die Teenwoordigheid van die lewende God staan, jy kan onder die salwing van die Gees staan en Dit sien beweeg, en steeds sal Dit jou nie raak nie. Jy kan sien wat God gesê het, perfek verkondig aan jou en dan gemanifesteer, en sal steeds nie ingaan nie: "glo Dit nie," dan, daar, is jy buite bereik. Jy's alreeds dood, lam, verblind, heengegaan. Hulle was volkome.

97 Die wêreld. Ek wonder, as daardie selfde persoon wat nie in 'n wonderwerk glo nie, ek wonder en as hulle net die dinge kan wees wat kan, wat werklik is, is dit wat wetenskaplik bewys kan word? Ek wonder of jy enige wetenskaplike kan hê, of enigiemand wat nie in 'n wonderwerk glo nie, om vir my te verduidelik hoe hierdie wêreld in sy wentelbaan staan. Hoe hou dit sy perfekte tyd, om die ewenaar en hoe gaan dit, en net perfek? Ons het nie 'n masjienerie, 'n horlosie, of enige soort, wat so kan tyd hou nie; dit sal elke maand 'n paar minute varieer. Maar daardie son is presies op tyd. Duisende jare rol verby, sy beweeg nooit; sekerlik, perfek.

98 Hoe die maan, biljoene myle weg van die aarde, steeds die gety kan beheer. Sê vir my hoedat in hierdie sterrestelsel waarin ons woon, hoe sou die maan enige effek kon hê op die water op die aarde? Wetenskaplik, sê vir my hoe dit gedoen word. Dit sou nie gedoen kon word nie, omdat daar geen wetenskaplike manier is om dit te sê nie. Maar God het die maan daar gestel om die see dop te hou. En wanneer die maan sy rug begin draai, wanneer die aarde wegdraai, hier kom die gety in. Maar wanneer hy wakker word, die volgende oggend, terugkyk *hierdie* kant toe, loop die gety weer na sy plek toe terug. Dis 'n wagter.

"O," sê jy: "dis net by die seekus." Nee.

99 Dis reg hierbo in Arizona, daar doer in die staat van Kentucky, waar jy ook al 'n gat grawe in die grond ver genoeg om soutwater te kry. Jy sal uitvind, wanneer die gety uitgaan, sak daardie soutwater in die pyp. En wanneer die gety inkom, styg dit ook, honderde myle van die seekus af.

100 Ons sou 'n preek daaroor kon preek. Hoedat God, maak nie saak nie, Hy is in die Heerlikheid maar Sy bevele daar is net van dieselfde effek op die hele wêreld en enigeen wat die belofte aanneem. Sy bevel is gegee. Hy het wette van die natuur, en—en hulle—hulle sal hulleself absoluut getrou gedra, van Pinkster of enige ander tyd. Enige tyd dat God die belofte gemaak het, sal Hy steeds by daardie belofte hou ongeag waar die mense by is, hoeveel duisende jare weg. Sy wette bly ewig dieselfde.

101 Hoe die saad in die grond val, en dit vrot, en om weer lewe voort te bring. Lyk asof, as dit ooit lewe sou gaan voortbring, sou dit wees wanneer dit in sy volmaakte vorm is. As lewe ooit daarin was, waarom kom dit dan nie net na vore nie? Sit dit in die grond, die lewe spruit uit. Waarom moet alles wat om daardie lewe is, alles wat om daardie kiem is wat geen mens kan vind nie, hoe is dit dat alles materieel om daardie kiem moet sterf? Sodat dit kan uitspruit in 'n nuwe lewe. Maar alles daaromheen moet ook sterf en verrot, voor dit lewe kan uitspruit.

102 So is dit met 'n indiwidu. Solank as daar enige menslike inspuitings, menslike idees is, dan kon God se kiem van lewe, die Heilige Gees, nie werk nie. Jy kan nie genees word solank as daar net 'n—'n breukdeel iewers is, wat nog nie verrot het nie; dit het al die menslike elemente, al die wetenskaplike idees, al die "dae van wonderwerke is verby," sogenaamd. Dit alles moet, alles, nie net sterf nie, maar verrot, dan groei daaruit die kiem van Lewe tot 'n nuwe lewe. Dis die enigste manier wat dit kan groei.

103 Dis waarom ons nie kry waarvoor ons vra nie. Ons probeer neem, saam met ons, soveel van ons eie idees.

104 Dis waarom die Lutherse kerk nie verder kan vorder as wat dit het nie, die Pinksters en die res; want hulle spuit in, deur 'n klomp teoloë. "*Dit* behoort nie so te wees nie. *Dit* is vir 'n ander dag. En *Dit* was daarvoor." Daar bly dit. Dit kan nie groei tot daardie volmaakte beeld van Christus voordat elke Woord van God nie ontvang is in jou nie, en dan word jy daardie Woord, net soos die saad wat in die grond ingegaan het.

105 Ek sou graag wou hê hulle moet Hebreërs 11:3 verduidelik. Die grootste wetenskaplike wat ons ooit gehad het, sover ek weet, was Einstein. Toe hier nie lank gelede nie, in New York, het ek geluister na wat hy gesê het. En hy het gepraat oor die

sterrestelsel, en hoe ver weg dit is, en hy het bewys dat daar 'n Ewigheid is. Hoe die man, wat teen soveel miljoen myl per uur beweeg, sou hom soveel, of 'n miljoen ligjare per uur, sou hom soveel jare neem om daar te kom, een—, driehonderdduisend of so-iets, en dan driehonderdduisend om terug te kom. En bewys dan daardeur, op een of ander manier, dat die man net vyftig jaar van die aarde af weg was. Ewigheid!

106 En dit is maar 'n klein sterrestelsel, toe God hulle van Sy hand afgeblaas het! Die Bybel het gesê! En Einstein het uiteindelik hiermee afgesluit: "Daar is net een manier wat enigeen die oorsprong van hierdie wêreld kan verduidelik, dit word gevind in Hebreërs 11:3. 'Ons verstaan dat die wêrelde toeberei is deur die Woord van God.'" Dis presies reg. Die wetenskap kan dit nie eens aanraak nie. En dan sê jy jy glo nie in 'n wonderwerk nie? Hoe kan jy dit doen?

107 Hoe sou enige wetenskaplike ooit Noag se reën kon verduidelik, wanneer daar nooit 'n druppel reën op die aarde geval het tot op daardie dag nie? Maar Noag het gesê daar sou 'n reën wees! En toe Noag se reën kom, teenstrydig met alle wetenskap; daar was geen wolke daarbo nie, was nooit enige reën daarbo nie. Hulle kon bewys dat daar geen reën daarbo was nie. En toe toe God die hemele oopgemaak het en 'n—'n stortreën uitgegiet het wat die aarde weggespoel het, was dit 'n paradoks; hoedat dit sekerlik onredelik, onverklaarbaar is. Maar ons weet dat God dit gedoen het, want die Bybel het so gesê. En ons het getuienis op die aarde, vandag, dat dit so was. God het dit gedoen. Dit was 'n paradoks.

108 Toe God 'n ou man geneem het, met die naam van Abraham, op die ouderdom van vyf-en-sewentig jaar oud; en sy vrou, vyf-en-sestig, baie jare verby die tyd van lewe, 'n menopouse. En toe Hy daardie man geneem het en hom 'n belofte gegee het, op vyf-en-sewentig jaar oud; aan hierdie vrou met wie hy getroud was, sy—sy halfsuster. En hy het met haar saamgelewe vandat sy 'n meisie was; hulle het getrou toe sy waarskynlik 'n—'n tienermeisie was, en hier was sy vyf-en-sestig jaar oud. En het gesê: "Jy gaan 'n baba by hierdie vrou hê."

109 En wat as Abraham sou gesê het: "Ek—ek—ek glo nie in paradokse nie. Ek—ek kan dit net nie aanvaar nie"? Dit sou nooit gebeur het nie.

110 Maar, julle sien, wanneer jy sê jy glo enigiets, dan moet jy dit tot aksie laat oorgaan. Toe is Abraham aangesê om hom af te sonder van alle ongeloof, en met God alleen te wandel. En in plaas van swakker te word, het hy sterker geword. En toe hy honderd jaar oud was, en Sara negentig was, het die baba gekom.

111 Hoe kon Abraham sy seun neem, daar ver drie dagreise, waarskynlik negentig myl van enige beskawing, bo—op die top

van 'n berg waar die Here hom gewys het, om sy eie seun te gaan offer, Isak? Isak het die hout opgedra, soos ons weet, wat 'n tipe is van Christus. En bo—op hierdie berg moes hy Isak offer as 'n offerande, en toe hy alles vervul het wat God hom gesê het behalwe sy eie seun dood te steek, deur sy keel, toe hy die mes uit die skede getrek het en sy hand opgetel het om God te gehoorsaam, tot op die woord! Want die Bybel het gesê, dat: "Hy het geweet dat God nie 'n belofte kon maak tensy Hy dit hou nie. En hy het hom ontvang as een uit die dood, dat Hy in staat was om hom uit die dood op te wek en hom weer vir hom te gee."

112 En toe hy gereed was om God te gehoorsaam, ten volle, het Hy sy hand gevang en gesê: "Hou terug jou hand, Abraham." En daar was 'n ram vasgehaak in die wildernis, tussen die ranke, met sy horings, bo—op daardie berg, waar daar leeus, wolwe, hiënas, jakkalse, en die groot wrede diere is wat skape vreet. En dan was hy daar bo—op die top van die berg waar daar geen water is nie. Hoe het daardie ram daar gekom? Abraham het oral rond klippe opgetel, om 'n—'n altaar te bou. Maar daar was die ram, nogtans. Dit was 'n paradoks.

113 En enige mens wat God glo en Hom op Sy Woord neem, maak nie saak wat die situasie is nie, God sal nog 'n paradoks uitvoer, om Sy Woord te hou. Want, Abraham het die plek genoem *Jehova—jireh*: "die Here het vir Homself 'n offerande voorsien." Hy kan steeds 'n paradoks laat gebeur. Hy kan dit vanmiddag doen, as jy Hom net op Sy Woord sal neem.

114 Daniël, uit 'n kuil—kuil vol honger leeus, hoe kon dit wees dat daardie man. . . Hoe kon dit wees dat daardie man, met 'n groep honger leeus, het in die grot gebly by hulle, die hele nag, sonder enige skade? Die Engel van die Here, ongesien deur enigiemand anders, het daar gestaan. Dit was 'n paradoks. Iets moes daardie leeu weerhou daarvan om by hom uit te kom.

115 Toe die Hebreeuse kinders in die vuuroond ingegaan het, dis teen alle wetenskaplike begrip, in daardie groot eeu. Dit was onwetenskaplik vir 'n man om in 'n vuuroond gegooi te word, wat was, dat die manne wat hulle daarheen geneem het, omgekom het, en hulle het in die oond geval en het 'n ruk in daardie oond gelewe, en die enigste ding wat dit gedoen het was om hulle van hulle boeie los te maak. Dis 'n paradoks. Dit was onverklaarbaar, onredelik, maar tog is dit waar.

116 Hier is Josua, van wie ons praat. Hoedat daardie man, sommer 'n gewone man wat net gekom het deur 'n—'n—'n groep geloofsbelydenisse wat die mens gevorm het, en wette en seremonie, met niks in hulle wat enigiets sê oor die mens die mag te gee om die son te stop nie. Maar hier, met 'n opdrag van God: "Ek sal jou elke stuk grond gee waarop jou voetsole trap. Ek sal daar wees." En die vyand is verslaan.

117 Die son was aan die sak. As daardie konings tyd gehad het om hulleself weer bymekaar te maak die volgende dag, sou hy sekerlik manne verloor het. Maar Josua het geweet hy het sonlig nodig. En hy het na die son toe opgekyk, en gesê: "Staan stil oor Gibeon. En maan, staan daar oor Ajalon." En vir die duur van 'n hele dag, wat heelnag lank was, het die son stilgestaan en het die maan daar gestaan. Dis 'n paradoks. 'n Mens wat in die wil van God wandel kon so-iets doen, want hy was 'n . . . hy was weer in 'n—'n Efése, in 'n—'n Efésiër met—met die Evangelie. Sekerlik, dit was 'n paradoks.

118 Moses met 'n staf in sy hand, om af te gaan en die kinders van Israel te verlos, was 'n paradoks, wanneer Egipte al die leërs gehad het en die goed—opgeleide manne. Dit was 'n paradoks.

119 Die maagdelike geboorte was 'n paradoks. Hoe 'n maagd, teen alle wetenskaplike begrip, 'n vrou wat geen man geken het nie, 'n kind kon voortbring; en nie net 'n kind nie, maar Emmanuel, Wat bewys is presies dit te wees wat daar gesê is dit sou wees. Hoe kon dit gebeur? Dit was 'n paradoks. Want, God het met Sy profeet gespreek, honderde jare tevore, en die profeet het die Woord van God gehoorsaam, en die Woord is gespreek. "En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon." En ons glo dit. Sekerlik, dit was 'n paradoks.

120 Hoedat Hy op water kon loop, dit was 'n paradoks. 'n Menslike wese, volgens die grootte van jou voete, sou dit nie kon doen nie. Maar Hy het. Wat was dit? Onverklaarbaar, maar dit was tog 'n paradoks. God het dit gedoen. Ons glo dit.

121 Vyfduisend mense voed, met twee visse en vyf broodjies? Maar Hy het dit gedoen. Het nie net vis nie, maar gaar vis vermenigvuldig; nie net brood nie, maar gebakte brood. Hoe kon Hy water in wyn verander? Alles 'n paradoks!

122 Hy het die siekes genees, wat, met melaatsheid. Wat, hulle het nie iets, tot op hierdie dag, die wetenskap, om melaatsheid te genees nie, maar Jesus het dit met Sy Woord genees. Dit was 'n paradoks.

123 En Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sy Woord genees steeds die siekes. Dis 'n paradoks, sekerlik.

124 Hy het die dooies opgewek, nadat sterflike lewe uit hulle uitgegaan het; Lasarus, die vrou se seun by Nain, en Jaïrus se dogter. Hy het die dooies opgewek, met Sy Woord, want Hy is die Woord.

125 En dan nog 'n groot ding, ter afsluiting, om te bewys dat Hy Messias was. Om te bewys wat Hy was, moes Hy kom volgens, en beantwoord, aan die Woord. En die Woord het gesê, toe Hy met die profeet gepraat het: "Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek laat opstaan."

126 Daar het baie manne opgestaan. En daar was, vir honderde en honderde jare, het hulle geen profeet gehad nie. O, hulle het priesters gehad en groot manne, en soos ons die geskiedenis lees tussen die tyd van Maleági en Matthéüs, vierhonderd jaar, was daar groot manne. Maar daar was geen profeet nie.

127 En toe toe Hy op die toneel verskyn, om te bewys dat Hy daardie Efésiërs is wat gemanifesteer word, het Johannes dit aangekondig. Maar Jesus was Dit, Hy was die Woord gemanifesteer, Self.

128 Toe Petrus eendag na Hom toe gekom het, met Andreas, sy naam was Simon. En toe Jesus daar staan, nog nooit in Sy lewe die man gesien nie, (luister mooi) toe Hy daar gestaan en na die man gekyk het, en gesê het: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona." Dis 'n paradoks. Was vir seker. Was sekerlik 'n paradoks.

129 En toe Filippus, wat daar gestaan het, dit gehoor het en geweet het dat alles identifiseer dat dit die Messias is, was hy sekerlik. Hy het dit geglo. Hy was nie lam nie, ook was hy nie blind nie. Hy het om die bult gehardloop, 'n paar myl ver, en sy vriend gaan haal, genaamd Natánael. En toe hy nadergeloop kom. . . Die geloof van daardie man, wat 'n ander een na die diens kon bring, om te sien!

130 Toe hy nadergeloop het voor Jesus, het Jesus gesê: "Kyk, daar is 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

131 Dit het die man verstom. Hy het gesê: "Wanneer het U my ooit geken?" Hou nou dop, dit is onredelik. Ja, meneer. Dis onverklaarbaar. Hy het gesê: "Hoe het U my ooit geken?"

132 Het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." 'n Paradoks!

133 Hy het nodig gehad, om Samaria langs te gaan. En toe Hy Samaria langs gegaan het, 'n stad Sigar, het Hy daar gesit en wag vir Sy dissipels om in te gaan en kos te koop. En, let op, 'n vrou het na die put toe gekom, van slegte reputasie. En Hy het vir haar gesê: "Vrou, gaan haal vir My om te drink, of bring vir My om te drink."

134 En sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir U om dit te vra nie. Ons is, ek's 'n Jood. . . of 'n Samaritaan, en U is 'n Jood. Ons hou geen—geen gemeenskap met U nie."

135 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat!" Kyk hoe maak hierdie paradoks gereed om te gebeur. Moet dit nie mis nie. Het gesê: "Hoe—hoe kan jy dit doen, sê? Ek, ek's 'n vrou van Samaria, en U is 'n Jood. Ons hou geen gemeenskap nie."

136 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, of Wie met jou praat, sou jy—jy My te drinke gevra het." En Hy het voortgegaan tot Hy gevind het waar haar probleem was. En Hy het gesê: "Gaan haal jou man en kom hierheen."

En sy het gesê: "Ek het nie enige man nie."

137 Hy het gesê: "Dis die waarheid. Jy het nie 'n man nie, omdat jy vyf gehad het, en die een met wie jy nou saamleef is nie jou man nie. Daarom, jy het die waarheid gepraat."

138 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Hulle het vir honderde jare nie een gesien nie. Het gesê: "Ons weet die—die Messias kom, en, wanneer Hy kom sal Hy ons hierdie dinge vertel."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

139 [Leë kol op band—Red.] Was 'n paradoks bevestig, en dis gevind om Evangelie—Waarheid te wees; 'n Evangelie wat dit beloof het, en hier het dit gebeur en bevestig wat dit was.

140 Nou laat ek julle hier 'n groot edele paradoks gee, net 'n oomblik. In Johannes 14:12, het Jesus gesê, beloof dat: "Die gelowige wat in Hom geglo het, sal dieselfde werke doen." Is dit reg? God, Wat 'n wet maak of 'n belofte, moet daardie belofte hou, om God te wees. Hy hou dit wel. Om te dink, die God. . . Wel, Dis 'n paradoks, op Sigself; vir God, Wat 'n belofte maak en nie daardie belofte kan breek nie, om daardie belofte te gee van die dinge wat Hy gedoen het, aan Sy mense, om te volg dwarsdeur die eeu tot Hy weer terugkeer. "Gaan julle na die hele wêreld, verkondig die Evangelie aan elke skepsel; elke skepsel, die hele wêreld. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word, en hy wat nie glo nie, sal veroordeel word; en vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." Hy moet daardie Woord nakom. En omdat Hy dit gesê het, dit uit Sy mond uitgegaan het, moet dit vervul word.

141 Alle Skrif moet vervul word. So dit is 'n paradoks, alleen, om Jesus, die Seun van God, so 'n stelling te hoor maak soos daardie: "Die dinge wat Ek doen sal julle ook doen." Nou die Bybel het gesê, in Hebreërs 13:8: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dis 'n paradoks, want dit moet geskied. "Hemele en aarde sal verbygaan, maar nie een Woord wat Ek ooit gesê het, sal ooit faal nie," het Hy gesê. Dit moet geskied.

142 Nou, vriende, ek glo dat Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is. Ek glo Hy is net so in staat om vanmiddag, in hierdie gebou, 'n paradoks te veroorsaak, omdat Hy beloof het dit sou gebeur.

143 En hoeveel meer het Hy belowe, hoeveel meer laat dit in die Bybel, tot hierdie einste eeu waarin ons lewe, weer die Efésiërs, van die kerkeeue. Ons het sewe kerkeeue, en ons is beloof dat met die Laodicea Kerkeeu sou daar nog 'n Efésiër wees. Dis reg. En ons is hier. Ek glo, met my hele hart, daardie Jesus Christus Wat die belofte gemaak het.

144 Soos ek in my laaste boodskap gesê het, het daar teen daardie muur gestaan, toe ek 'n paar weke gelede hier was.

Elke keer dat jy jou vinger beweeg, gaan dit om en om die wêreld, sal nooit ophou nie. Elke beweging wat jy maak, sal jy by die Oordeel sien. Televisie bewys dat dit hier is, die vierde dimensie. Want, televisie vervaardig nie daardie beeld nie, dit kanaliseer slegs daardie golf in 'n buis in, en jy sien 'n beeld. Kleur, alles, elke bewegende voorwerp wat in die wêreld gebeur, gaan nou reg om hierdeur, maak 'n rekord. Eendag, gaan jou rekord afgesluit word, en jy gaan antwoord vir daardie rekord. Dis reg.

145 God, laat ek so vermeng wees, laat ek so dood wees vir myself en enigiets om my, maar bewus wees van die Woord van God wat vandag tussen ons lewe!

Laat ons bid.

146 Here Jesus, U is 'n paradoks, toe God vlees geword het. Ek bid, Hemelse Vader, dat U Uself vanmiddag sal manifesteer, vir ons hier vandag sal bewys. Nie net vir ons bewys nie. . . Daar is, veronderstel ek, negentig persent, of meer, van die mense wat hier sit, glo dit, elke Woord. Maar dat ons U weer mag sien, en laat weet dat hierdie Woord wat U gespreek het, wat steeds om en om die wêreld trek, net soos 'n opname, laat ons in daardie opname inbeweeg, vandag, Here. Laat ons inbeweeg en dit nie hoor asof dit net tweedehands kom, van 'n mens se mond nie; maar laat daardie mond, en persoon en mense, almal wat hier sit, U Woord word. Ons is gereed om af te sterf, Here, van ons eie idees, net om U U belofte te sien hou: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen." Ek bid dat U dit sal skenk in Jesus se Naam. Amen.

147 Net voor ons die gebedsry roep. Ek het 'n happie roomys geëet eendag, saam met 'n ou doktersvriend van my. Hy het gesê: "Ek wil jou iets vra, Billy."

Ek het gesê: "Goed."

148 Het gesê: "Glo jy in. . . " Dis waar ek hierdie gedagte gekry het, *paradoks*. Het gesê: "Glo jy in 'n paradoks?"

Ek het gesê: "Sekerlik."

149 Hy het gesê: "Ek—ek weet jy glo." Hy het gesê, het my vertel van 'n sekere persoon wat genees is, voor gebid is; aan wie hy epilepsie—medisyne verkoop het, vir jare, soms sou hulle sewe of agt toevalle per dag kry; sterk medisynes. En hy het gesê: "Hulle het nooit teruggekom vir nog nie. En ek het hulle die hele tyd gesien; het dit nooit meer gehad nie." Het gesê: "Ek wil jou iets vertel, sommer om jou te laat weet ek—ek glo waarvan jy praat."

150 Hy het gesê: "Gedurende die tyd van die depressie, was my seun nou hier oor die apteek." Het gesê: "Hy het—hy het soort van 'n jong kêrel bedien, het net gesê hy. . . Hulle het hom gestuur om in 'n tou te staan, vir medisyne." En het gesê: "'n

Man het hier aangekom, en hy het sy vrou gehad," gesê: "'n klein vroutjie, sy was. . .Jy kon na haar kyk en sien sy was net op die punt om verlos te word op enige oomblik, van 'n kind." En het gesê: "Sy kon net nie meer in daardie tou staan nie, so hy—hy het sy vrou by die deur ingebring, en het sommer op sy skouer geleun."

151 En het gesê: "My seun het nadergegaan, gesê: 'Kan ek julle help?' Het gesê: 'Ja,' gesê: 'hier is die voorskrif van die dokter. Maar,' gesê: 'ek wil dit vir jou duidelik maak.' Het gesê: 'Ek. . .ons het nog nie die geld nie.' Het gesê: 'Ons sal dit van die distrik kry, maar my vrou kan dit net nie langer uithou nie. Dokter het gesê sy moet die medisyne dadelik neem.' En het gesê: 'As jy haar maar net die medisyne sal gee, sal ek daarheen gaan en in die tou staan tot ek—ek die geld van die distrik kry.'

152 "En die seun het gesê: 'Meneer, ek is jammer.' Gesê: 'Dis teen ons—ons reëls hier, om medisyne uit te gee sonder om die geld te hê.' Jy weet hoe die tye was in daardie dae. En het gesê: 'Ek—ek voel jammer vir haar, maar ek kan dit nie doen nie.'"

153 Het gesê: "Ek het hier agter gesit, die koerant gelees. En ek het opgekyk, en," gesê: "iets het my hart vreemd warm gemaak." Het gesê: "Ek het nadergeloop, ek het gesê: 'Wag 'n oomblik, seun, wag 'n oomblik.' Die man het by die deur begin uitstap, hy het gesê: 'Wel, goed, seun,' by die deur begin uitloop." En het gesê: "Ek het gesê: 'Net 'n oomblik,' gesê: 'wat was dit?'. Hy het gesê: 'Wel, hierdie man. . .' Hy het dit vir my verduidelik."

154 Hy het gesê: "'Laat my die voorskrif sien.' Gesê: 'Wag net 'n oomblik, seun, ek sal vir jou die medisyne kry.'"

155 Het gesê: "Ek is agtertoe en het die voorskrif opgemaak wat die dokter op sy papiertjie voorgeskryf het." En het gesê: "Ek is soontoe, en hulle het nie die geld gehad nie." Gesê: "Gee dit vir hom, nie geweet of ek dit sou kry of nie, maar ek het sommer gedink ek sou." Het gesê: "Ek het sommer net gevoel ek behoort dit te doen." En het gesê: "Billy, toe ek daardie—daardie medisyne in daardie vrou se hand sit," gesê: "was dit die Here Jesus." Het gesê: "Ek het 'n Man daar gesien staan." En hy het gesê: "Ek het gelees, later, dat die Skrif gesê het: 'Insoverre julle aan die geringste van hulle, My kleintjies, gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'" Hy het gesê: "Billy, wat het met my oë gebeur? Het ek dit werklik gesien?"

156 Ek het gesê: "Ja, meneer. Ek glo dit. Ek glo dat jy so jou plig vervul het as 'n apteker, in die noodgeval waarvoor dit nodig was. Jesus het gesê: 'Wat julle aan hierdie ander gedoen het, het julle aan My gedoen.' Ek glo dit."

157 En ek glo daardie selfde ding vandag, net hier teenwoordig met hierdie mense, dat Jesus Christus Homself kan

manifesteer, Homself die Woord wat vlees geword het kan maak onder ons vanmiddag. Sal julle dit glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die Here seën julle.

158 Nou gaan ons vra vir gebedskaarte, vir die mense om te kom. En ons kan nie te veel kry nie, want ek dink nou, as ek reg na die horlosie kyk, het ek vyf-en-twintig minute tot ons moet afsluit net om vieruur, op tyd, maar ons sal voortgaan. Nou laat ons begin by gebedskaart, ek meen was A. Was dit? A, laat ons gaan van A, een af.

159 Wie het gebedskaart A, een? Roep julle maar een op 'n slag, so as jy kreupel is kan ons jou dra. Goed. Gebedskaart A, een. Wie het dit, steek op jou hand, iewers in die gebou? Goed, kom. Sy ver agter aan die agterkant. Sal jy kom, dame, as jy kan. Een, twee, wie het gebedskaart twee? A, twee, sal jy jou hand opsteek as jy . . . Kan jy loop? Goed, kom reg hierheen, gaan op hierdie kant. Drie. As jy jou hand dadelik sal opsteek, kan ek—ek jou kry, hoef ons nie baie lank te wag nie. Gebedskaart nommer drie, sal jy jou hand opsteek. Goed, 'n man daar onder. Goed, kom hierheen, meneer.

160 Gebedskaart nommer vier, sal jy jou hand nou gou opsteek, net so gou as jy moontlik kan. Gebedskaart nommer vier. Goed. Nommer vyf. Net soos ek roep, staan jy op, nommer vyf. Goed. Nommer ses, nommer sewe, nommer agt, nommer nege, tien, tien. Nou, een, twee, drie, vier . . . Tien, goed. Elf, twaalf, dertien, veertien. Kom jy, meneer, veertien? Goed. Veertien, vyftien. Wel, dit, dit sal wees . . . Dit sal nou eers genoeg wees, dit sal genoeg wees vir vanmiddag, want ons het nie te veel tyd nie.

161 Nou kyk. Ek wil hê julle moet my julle onverdeelde aandag gee. Nou, Jesus het hierdie belofte gemaak, dat: "Nog 'n klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die "wêreld," die *wêreld* is: "die orde van die wêreld." Sien, dit, Hy het geweet hulle sou afdwaal in modes en dinge. "Maar hulle sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien." Want Hy het belowe: "Ek sal met julle wees, selfs tot die einde van die wêreld." Is dit reg? ["Amen."] En die Bybel het gesê, Hebreërs 13:8: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Glo julle dit? ["Amen."] Dis 'n belofte.

162 Nou, jy hoef nie hier te wees, om genees te word nie. Al ding wat jy moet doen is glo dat daardie Woord die Waarheid is. Nou ek gaan julle vra, as julle sal, om net eerbiedig en stil te wees vir 'n paar oomblikke.

163 Het hulle almal ingekom, Billy? Het twee kort, drie kort? Hoe sê? ['n Broer sê: "Nog drie."—Red.] Nog drie? Nommer drie, gebedskaart nommer drie. Wat, hoe, wat is die Mexikaanse woord daarvoor, drie? Kan iemand dit sê? [Iemand

sê: "tres."] Goed, hulle het dit sekerlik gehoor. Wat, daardie, wie ook al daardie gebedskaart het, kom in die ry, sal jy? O, ja. O, ek dink dit was iemand het dit gehad, en het dit nie geweet nie, en hulle het teruggegaan. Goed. Nou, nou wat van. . .

164 Glo almal nou met julle hele—met julle hele hart? Wel, laat ons dan weer bid.

165 Here Jesus, nou ons besef dat ons die Woord kan lees, na die beste van ons kennis, Dit kan verduidelik. Maar, Here, U is die enigste Een wat Dit kan bevestig. U is die enigste Een wat kan sê dat Dit reg is of verkeerd. En, Vader, ek bid vandag dat U die oë van die mense sal laat oopgaan. Mag ons vanmiddag 'n paradoks sien, net genoeg, Here, om die mense te laat sien dat U teenwoordig is, dat U nie—nie uit bestaan is nie, dat U Woord dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Want, U is daardie Woord. Om die onthalwe van die siekes, Here, om die onthalwe van hulle wat ly; baie is waarskynlik hier van verskillende dele van die land, dele van die nasie, hulle moet. . .hulle ly so, hulle sou nie die dienste kon geniet, andersins, as hulle nie genees word nie. Ek bid dat U hulle sal genees. Skenk dit, Here. En nou is ons maar net fisiese menslike wesens, en kan slegs die Woord verkondig en sê wat U gesê het die Waarheid is, nou is U die Een om dit werklik te maak. Ek bid dat U dit sal skenk, in Jesus se Naam. Amen.

166 Nou ek wil net graag julle onverdeelde aandag hê, net vir 'n oomblik, en as almal net sal gaan sit vir 'n paar minute. Nou, sover ek weet, natuurlik, ek ken nie enigeen wat ek kan sien in die—in die gebou, wat ek daar sou ken nie. Nou, jy hoef nie hier te wees om genees te word nie, enigeen weet dit. Sien?

167 Daar was 'n vroutjie, eenkeer, sy kon nie 'n gebedskaart kry nie, sou ons sê, en sy het Sy kleed aangeraak. En Hy het omgedraai en gekyk, en gesê: "Wie het My aangeraak?" En hulle het dit almal ontken. En Hy het rondgekyk en hierdie vroutjie gesien. Sy kon haarself nie verberg nie, want, sien, die Gees van God, wat in Hom was, het Hom gelei. Hy was die Woord. En Dit het reg na haar gelei, en Hy het haar vertel wat haar probleem was. Sy het bloedvloeïng gehad, en sy is genees. Sy het dit geglo. En onmiddellik, in haar liggaam, het sy gevoel die bloedvloeïng het gestol, (is dit reg?) het net daar opgehou.

168 Nou Hy is net dieselfde vandag. Jy hoef nie hier te wees nie. Nou, die Bybel het gesê dat in die Nuwe Testament nou, dat: "Jesus Christus is ons Hoëpriester." Glo ons dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die enigste Hoëpriester wat ons het, die enigste Middelaar wat ons het tussen God en mens, is die Mens, Christus Jesus. Glo julle dit? ["Amen."] En die Bybel het gesê: "Hy is die Hoëpriester wat geraak kan word deur die

gevoel van ons krankheid." Is dit reg? ["Amen."] Hoeveel weet dis waar? Steek jou hand op sodat hulle. . . Goed. Ek is nie tussen vreemdelinge, oor hierdie Woord nie.

169 Nou hoe sou Hy oplree as jy Hom aanraak? Hy sou optree net soos Hy het toe Hy hier was, want Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

170 Nou glo julle net. Sê julle net: "Nou, Here, ek was in dienste was ek, maar ek gaan net glo, vandag. Ek—ek gaan nie eens 'n gedagte aan myself hê nie. Ek gaan net met my hele hart glo, dat U hier is. En ek het 'n behoefte, en U net. . . Help U my, Here." Sien? Nou doen julle dit. Moenie senuweeagtig raak nie; net—net kalm vol vertroue.

171 'n Gawe van geloof is nie iets wat jy neem en iets mee doen nie. 'n Gawe van geloof is jy kry jouself net uit die pad uit. Die gawe is om jou eie self uit die pad uit te kry.

172 Nou hier staan 'n vrou. Vader God weet, sover ek ooit geweet het, het ek nog nooit die vrou in my lewe gesien nie. Sy is 'n volkome vreemdeling vir my. Maar, en daar is nie omtrent twee of drie mense wat ek daarbuite kan sien, wat ek het nie.

173 Ek dink hierdie is Mev. Vayle wat hier sit, Broer Lee se vrou. Ek is nie seker nie. Dan ken ek hierdie drie of vier seuns wat net hierlangs sit. Sover ek weet, is dit al wat ek in die diens sien op hierdie tydstip, wat ek ken. Ek meen dis Broer Anthony Milano wat daar sit, van New York. Broer Pat Tyler van Kentucky. Buiten dit. . . Ek weet Fred Sothmann is iewers daarbinne, ek het hom "amen" hoor roep 'n ruk gelede. Dit, dis omtrent die getal, en Hemelse Vader weet dit.

174 En hierdie vrou wat hier staan, ek het haar nog nooit gesien nie. Ek het geen idee waarom sy hier is nie. Sy is net 'n vrou wat hier na die platform gekom het, net soos wat julle daar sit.

175 Nou, as hierdie vrou 'n behoefte het, wel, dan ek—ek, as ek haar kon help, sou ek—ek dit sekerlik doen. Maar nou, ek—ek. . . Dit hang af van wat sy nodig het. As dit geld was, ek—ek sou vyf of tien dollar bymekaar kon skraap. Buiten dit, weet ek nie, sien, behalwe as ek haar 'n vooruitgedateerde tjek sou gee, totdat ek volgende maand my betaling kry. Maar wat nou as sy huislike probleme het? Dan sou ek sê: "Gaan haal jou man, laat ons saam praat, miskien kan ek jou help. 'Ek het nie 'n manier om huis toe te gaan nie'? Wel, ek sal iemand vra of hulle jou sal neem, jou huis toe neem, jou pad langs gaan. Jy woon daar op watter straat hier?" Of wat dit ook al is, ek weet nie. Maar as dit siekte is, dan weet ek—ek nie. Sien? Maar ek ken die vrou nie.

176 Maar daar is Iemand hier, hierdie Woord, wat beloof het: "Die dinge wat Ek doen sal julle ook."

177 Nou, miskien, wat as hierdie vrou siek is, miskien het sy kanker, miskien het sy TB, en, of iets wat medisyne nie voor kan help op hierdie—op hierdie stadium nie? Wel, nou, ek sou nie kon, ek sou op geen manier die vrou kon genees nie.

178 Maar nou as Hy aan my kan openbaar wat sy wil hê, net soos Hy het vir die vrou by die put, of soos Hy Natánael vertel het, of—of vir Simon gesê het wat sy naam is. Gesê: "Jou naam is Simon. Jy's die seun van Jona. Voortaan sal jy *Petrus* genoem word, wat beteken: ''n klein rots.'"

179 Wel, nou, as Hy so—iets sou doen hier in die teenwoordigheid van julle almal, gaan dit bewys dat daardie Woord Waarheid is. Nou, hoeveel sal dit glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is daar enigeen hier wat die vrou ken, steek jou hand op, enige mense in die gebou? Ja, baie van julle ken haar. Goed. En Vader weet dat ek nie ken nie. Wel, nou, laat ons net kyk wat Hy sal sê. En dit, sou dit 'n paradoks wees? ["Amen."] Ek weet nie wat met haar verkeerd is nie. Weet nie waarom sy hier is nie, of niks van haar af nie. Maar dit weet God.

180 Ek gaan met die vrou praat. Nou dit is die eerste persoon wat ek voor my gehad het, vir omtrent drie maande. Nou ek wil net met die dame praat, net 'n oomblik. En dit is wat? Haar gees kontak. Net soos Jesus gemaak het met die vrou by die put, haar gees kontak.

181 Nou as die Here Jesus, dame, aan my kan openbaar wat met jou verkeerd is, of waarvoor jy hier is, of iets daarvan, dat jy weet dat ek niks daarvan weet nie, of iets van daardie aard, sal jy glo dit is Hy? Dit sou Hy moes wees, sou dit nie? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Dit sou Hy moes wees. As Hy dit sal doen, dan sal ons almal dankbaar wees dat ons weet waar Sy Woord reg is, dan kan ons vertroue daarin stel.

182 Nou, as Hy kan openbaar wat jou probleem is, aan my, en ek wat jou nie ken nie, en jy weet dit; maar nou as Hy aan my kan openbaar wat jou probleem is, of iets oor jou, dan wys dit dat daar 'n Gees hier is, iewers, wat jou ken, en jy weet dat ek jou nie ken nie. So dit sou nie die man wees nie, dit sou die Gees wees. En dit is wat God beloof het in hierdie tyd van Efése. Glo jy dat dit die Waarheid is? [Die suster sê: "Ja, ek glo."—Red.] Mag Hy dit skenk.

183 Ek sien een ding, sy ly aan iets soos 'n sinusprobleem *hier* in haar kop. Dit is waar. Is dit? Steek jou hand op as dit dit is. Maar sinus sal jou nie laat nies en so aangaan nie, so jy het hooikoors, ook. Dis reg. Jy's nie van Phoenix nie. Jy's van waar daar—daar klompe heuwels is, bome. Jy's van Flagstaff. Dis reg. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Jy's Mev. Earl. Ja. ["Reg."] Is reg, is dit? Nou gaan, glo, dit sal alles oor wees.

184 Nou is Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, die Hemelse Vader weet ek het pas die vrou gesien. Sien die Woord bevestig word. Nou, dit is nie ek nie, ek's net 'n mens. Net soos hierdie mikrofoon, dis stom sonder dat ek daardeur praat, of iemand. En so is 'n mens maar net stom. Maar dis die Gees, en daardie Gees is daar reg tussen julle. Sien? Hy is die geneser, nie ek nie.

185 Aangename kennis, meneer. Nog 'n man wat 'n persoon is wat 'n vreemdeling is vir my. Ek ken die man nie. Nou, sover ek weet, het ek hom nog nooit in my lewe gesien nie.

186 Maar nou die Gees, die Heilige Gees, die Heilige Gees en Jesus Christus is een-en-dieselfde Gees. Die Gesalfde, Jesus, die Mens, was die Seun van God, maar die Heilige Gees wat op Hom was, was God. "My Vader woon in My." Sien, Dis die Heilige Gees, so dit is steeds God.

187 Nou as ek met myself, daardie man net homself uit die pad kan kry, dan is daardie deel dood, laat dan die Gees van die Lewe begin werk. Sien? Dis waarom ek net 'n minuut wag, om te sien wat gebeur totdat die salwing begin.

188 As die Here God, in Wie se Teenwoordigheid ons is, aan my sal openbaar, meneer, wat jou probleem is, of iets wat jy gedoen het, of—of iets oor jou, sommer iets. Natuurlik, hoe meer ons sou praat, hoe meer sou dit gaan. Maar, sien, daar is ander wat in die ry staan. Maar as Hy my net sal sê wat jou probleem is, sal jy glo ek is Sy dienskneg, en glo Hy is teenwoordig? [Die broer sê: "Ek glo dit."—Red.] 'n Breuk. Is dit reg? ["Waar."] Dis reg.

189 Nou sê julle: "Hoe is dit gedoen." Ek wens ek het geweet. Daar is niemand wat dit kan verduidelik nie. Dis 'n paradoks. Sien?

190 Ja, dat julle kan weet, ek het iets anders gesien, 'n ondersoek; het hartprobleme, ook. Steek jou hand op. Mnr. Anderson, jy kan nou huis toe gaan, Jesus Christus sal jou gesond maak. Dis reg. Glo net, wees gelowig. Moenie twyfel nie.

191 Aangename kennis, meneer. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie. Sover ek weet, is dit die eerste keer dat ek jou ooit gesien het, vir my om jou te ken. Dis reg. Maar Hy ken ons, altwee van ons.

192 Nou weet jy waarom dit plaasvind. Dis Sy genade wat dit toelaat, dat dit hierdie mense bewus van God sal maak. Nou, weet niks oor jou nie, ken jou op geen manier nie, sommer 'n vreemde man wat hierheen gekom het. Nou dit sal absoluut 'n paradoks wees vir iets om te gebeur, om—om te weet wat met jou verkeerd is, of iets wat jy gedoen het, of iets wat jy nie behoort te gedoen het nie, of iets wat jy moes gedoen het, of

wie jy is of iets oor jou. Dit sou 'n paradoks moes wees, want daar is geen manier vir enigeen om dit te weet, behalwe een of ander openbaring van die onsienlike nie. Dis reg. Nou as Hy dit vir jou sal doen, tussen my en jou, sodat die gehoor. . . nie 'n vertoning nie, maar sodat hulle kan sien die—die Efése is hier, dat dit die ding is wat oorbrug tussen denominasie en die Heerlike Land. Hy het dit belowe, dat hulle verseker kan word dat wat ons sê is die Waarheid.

193 Nou om jou te ken, jy weet ek ken jou nie. Dis, steek op jou hand sodat die mense sien dat jy. . . Ek, ek het die man nog nooit in my lewe gesien nie. Hy's sommer 'n man wat hier staan. Vra enige van die ander. Maar jy ly aan 'n breuk. Jy het ook aambeie. Dis reg. Jy het ver gekom, om hier te wees. Jy's nie eens 'n Amerikaner nie. Jy's 'n Kanadees. Jy het met jou saamgebring 'n seun wat verstandelik ongesteld is. Dis waar. Wil jy hê ek moet sê vanwaar jy is? Jy's van die provinsie Saskatchewan, Saskatoon die stad. Glo met jou hele hart, en God sal jou gesond huis toe stuur, met jou seun. Glo jy dit? God seën jou.

194 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die Here God is steeds God. Sien? Daar is geen ander as Hy nie.

195 Aangename kennis? Hier is 'n dame, 'n vreemdeling vir my, miskien 'n bietjie ouer. Ek het haar nog nooit gesien nie; maar sy is—sy is maar net 'n vrou wat hier staan. Ek sal moet gou maak, want ek het nou net sewe of agt minute, sien. Kyk net hier. Glo jy dat hierdie dinge waar is? Met jou hele hart? Jy weet dit is vir my onmoontlik om te weet wat met jou verkeerd is, of enigiets oor jou. Maar dit is nie onmoontlik vir God om te weet nie, want Hy het geweet selfs voor daar 'n wêreld was. Is dit nie reg nie? [Die suster sê: "Dis reg."—Red.]

196 Hoeveel glo dit is waar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. Hy het geweet van elke keer dat jy jou oog sou knip. Hy is oneindig. En dink net; deur Sy genade het Hy gebied, met Sy Evangelie, dieselfde ding. Hy het beloof om te doen. Dan is daar 'n Hemel, en ons gaan daarheen. En ons is juis nou in hierdie Efése. Ons is hierin, kom uit een uit, in 'n ander in.

197 Jy het soveel dinge verkeerd met jou, komplikasies, soveel dinge verkeerd. En jy is nie hiervandaan nie. Jy is van wes van hier af. Jy's van Kalifornië. Dis reg. Jy het ook 'n seun wat ongesteld is. Dis reg. Jy. . . Daar is iets, ek bly water op 'n yslike groot meer sien. O, dis, jy het—jy het iemand wat na aan jou is, wat in Chicago woon, wat my ken. Dis reg. Dit is waar. Nou, jy weet ek ken jou nie, maar glo jy God weet wie jy is? Mev. McGuire. Jy het jou versoek. Gaan huis toe, dank God.

Aangename kennis? Jy's 'n baie jong persoon.

198 Maar krankheid en siekte is geen aannemer van die persoon nie. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ons weet sommer dit neem nie die persoon aan nie.

199 "As jy kan glo met jou hele hart en jou hele siel!" Daardie asma sal jou verlaat as jy dit sal glo met jou hele hart.

200 Die borsprobleem, glo jy dit sal jou ook verlaat, suster, en jy sal gesond gemaak word? Wat het jy aangeraak? Sy is twintig voet van my af, of meer. Sy het die Meester aangeraak. Dis kongestie, van senuwees. Jy sal reg wees.

201 Dit is 'n edele ding waarvoor hierdie jong vrou hier staan. Sy is direk 'n vreemdeling. Ek het die vrou nog nooit gesien nie. Maar sy is hierheen gebring deur iemand anders. En wat haar hierheen bring, was omdat sy 'n band gehoor het wat ek gemaak het. En sy is hier om die doop van die Heilige Gees te soek. Dis presies waarvoor sy hier is. Dit is waar, jong dame. Dis reg. Kom hier.

202 Dierbare God, mag hierdie kind wat hier staan, wat deurbreek van duisternis na die Lig, mag sy die Heilige Gees ontvang; na haar huis en haar geliefdes toe gaan, hulle toon watter groot dinge Jesus vir haar gedoen het. Amen.

God seën jou. Moenie twyfel nie. Glo.

203 God kan allerhande soorte senuweeagtigheid genees en (glo jy dit?) asmatiese toestande, en jou gesond maak. Glo jy dit? Gaan dan, glo met jou hele hart. Mag God jou seën, broer.

204 Hoe oud is jy? [Die suster sê: "Agt-en-dertig."—Red.] Jy moet uitkom uit daardie senuweeagtigheid kort voor lank, dan nie? Het allerhande aanvalle van moegheid, en alles wat met jou gebeur. Maar dit het jou nou verlaat. Ja, meneer.

205 God genees senuweeagtigheid, maagprobleme ook. Glo jy dit? Gaan eet dan wat jy wil. Jesus Christus het jou genees.

206 Glo julle daar, elkeen van julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

207 Daar sit 'n man met 'n—'n hemp, wat na my kyk, ja, hy het na sy hemp toe afgekyk so pas. Ja. Glo jy God kan klierprobleme genees, kan jou gesond maak? Jy het geglo toe (het jy nie?), op dieselfde tyd dat hierdie seuntjie genees is van daardie asmatiese toestand. Gaan huis toe, skat en jy gaan ook gesond word, sien. Glo met jou hele hart.

208 Klein dametjie wat daar langs jou vrou sit, kan jy glo jou oë sal ook gesond word? Glo jy dat God daardie oogprobleem sal genees? Steek jou hand op as dit is waarvoor jy gebid het. Sien?

Wat het hulle aangeraak? Jesus Christus die Seun van God.

209 Glo jy? Glo jy, jongman? God kan daardie bloedtoestand genees, dit regmaak (sal jy dit glo?) daardie diabetes—goed wegneem en jou gesond maak. Glo jy dit? Gaan sê Hom jy glo dit, en gaan.

210 Kom, meneer. Het maagprobleme. Glo jy God kan dit genees, dit gesond maak? [Die broer sê: "Ja, ek glo."—Red.] Gaan, glo dit; jy sal gesond wees, gesond gemaak word.

211 Kom, bring hierdie seuntjie. Kyk hier, seun. Het ver gekom. Soms sal verandering in hoogte, verandering in klimaat dit doen, om asmatiese toestand te genees. Maar hier is een seker genesing, Jesus Christus die Seun van God. Hy het Sy Seun gegee, dat joune genees kan word. Glo jy dit? Glo dit met jou hele hart, en dit sal hom verlaat. Hy sal 'n normale, gesonde mens wees. God seën jou, suster.

212 Glo julle? Verrig God steeds paradokse? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die onverklaarbare, onredelike, dinge wat mense nie sou verstaan hoe dit kon wees nie, maar dis nogtans waar, is dit nie? ["Amen."] Nou hoeveel voel aan, en weet in julle gees, dat daar Iets hier moet wees wat bo menslike begrip is?

213 Nou, ek dink ons het minstens vyftien mense geroep in daardie ry, elkeen van hulle; en vier of vyf, ses daar in die ry, sonder gebedskaarte, of wat hulle ook was daar in die ry, daar in die gehoor. Maar ons is nou net by een minuut tyd, van afsluit af.

214 Het Hy dit gedoen presies net soos Hy gesê het Hy sou dit doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel glo nou Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd, voel Sy Teenwoordigheid aan? ["Amen."] Nou, julle het Sy Teenwoordigheid gesien. Nou het jou oog gesien, jou ore verstaan, en God het bevestig voor julle oë, Sy Teenwoordigheid. En dit wat jy die heeltyd voel, wat jou veroordeel wanneer jy verkeerd is, en jou sê om dit nie te doen nie, daardie selfde God het vanmiddag hier sigbaar geword vir julle, in Sy werke. Hoeveel sê "amen" daarop? ["Amen."] Vir seker, dit is. Hy is nou hier.

215 Is daar een hier in ons midde, wat nog nooit 'n Christen was nie; nooit enige belydenis gedoen het nie, jy het net nog nooit kerk toe gegaan nie? Sal jy opstaan, en sê: "Ek wil staan, nie vir jou nie, prediker; maar ek wil staan terwyl ek in die Teenwoordigheid is van hierdie Persoon, Jesus Christus, Wat die Heilige Gees is wat nou oor ons is. Ek wil staan en sê: 'Ek wil hê U moet my red van my sonde'"? Dis al wat ek wil hê jy moet doen, staan net op, en dit sal getuig. Dit is al wat ons die tyd het om te doen. Sê: "Ek wil 'n Christen wees." Staan op jou voete, en gaan sit dan net weer.

216 Is daar een in die gebou? Hoeveel is in die gebou? Ek behoort nie te sê: "Is daar een?" nie, want daar kan meer as een wees. Hoeveel in die gebou sal sommer nou staan en sê: "Ek was verkeerd, God. Vergewe my. Ek sal opstaan om vir U te getuig dat ek verkeerd was. Ek sal gaan sit terwyl ek hier in U Teenwoordigheid is. Ek sal gaan sit"? Staan net op.

217 Is daar een, is daar meer as een? Een hand. God seën jou, jongman. Is daar nog een? God seën jou. Is daar nog een? God seën jou. God seën jou. God seën jou, broer. Is daar? God seën

jou, daaragter. Is daar nog een: "Ek was verkeerd. God, vergewe my"? God seën jou, meneer. "Ek was verkeerd. Ek—ek is jammer, Here." God seën jou. God seën jou. God seën jou.

218 Was daar iemand wat 'n bietjie agterdogtig was oor hierdie bediening, en jy's nou oortuig dat dit waar is? Staan op daar, en sê: "God vergewe my." Staan net hier op, en sê: "Ek—ek was 'n bietjie agterdogtig, Broer Branham; dis nou alles weg." Steek jou hand op. Nie een nie? Dankie.

219 Hoeveel glo Dit? Sou nie ek kon wees nie; maar dis die Christus, die Seun van God. Dankie. Dan sal julle groter dinge as dit gedoen sien, solank as julle sal glo. Bly net by Christus. Ek sal my bes doen om reg by Hom te bly, self.

220 Nou hoeveel is hier siek en behoeftig, steek jou hand op: "Ek's—ek's siek, Broer Branham, ek's behoeftig"? Sien, kyk net na die mense. Nou sal julle dit doen en maar net my woord soveel glo? Laat ons ons hande op mekaar plaas, terwyl ek sommer my hande na julle toe uithou.

Laat ons bid.

221 Dierbare God, ek bring na U toe hierdie klein gehoor, vanmiddag, waar ons na die Woord van God geluister en gelees het. Ons weet dat dit elke deeltjie die Waarheid is, omdat dit U Woord is. Ons glo nie net nou dit is waar nie; ons weet dat dit waar is. Ons het U, Here, iets gesien doen wat mense sal laat weet dat daar is steeds. . .Buiten 'n paradoks van—van die wêreld, en ruimte, en die natuurwette van God, kan ons sien hier waar dat die wet van die dood werksaam in 'n mens se liggaam, waar dat wetenskap gefaal het om te—gesond te maak deur hulle navorsing. En, Here, ons is dankbaar vir daardie mense. Ons verkleineer hulle op geen manier nie. Ons is dankbaar vir hulle. Maar, Here, wanneer dit kom by 'n punt waar hulle niks meer kan doen nie, nou sien ons U groot hand inkom; weet dat daar geen mens is wat hulle sou kon genees nie, want hy sou 'n dokter moes wees, of een of ander geneesmiddel moes neem. Maar om die Seun van God te sien neerdaal, en wat die belofte gemaak het, waarin ons almal glo.

222 En elke persoon het hulle hand omhoog gehou, wat nie gered was nie, en—en gered wou wees. God, iets het hulle harte gewaarsku. Sommige van hulle het gesê hulle "was verkeerd," het miskien teruggeval en wou terugkom. Ek bid dat U elkeen sal terugneem. Want hulle weet, Here, en het geweet. . .Baie van hulle mag my geken het, of van my geweet het, vir hierdie jare, en weet dat daar nie 'n goeie ding in 'n mens is nie, en veral nie in my nie. Hoe sou daar enige goed kon wees? Maar tog het hulle daardie Woord, wat God beloof het, gemanifesteerd gesien. Hulle is oortuig dat Dit die Waarheid is. Hulle het dit aanvaar.

223 Baie hier kon ek nie na die platform bring nie. En, Vader, U getuig vir my, nooit het ek gesê dat dit iets sou wees wat ek kon

doen nie, nie meer as om my aan U oor te gee nie, en U my uit die pad uit te laat neem en U Gees daarin te plaas om te werk. Nou, Vader, siende dat een persoon dit kan doen, kan ander dit doen, ek bid dat elkeen wat hulle hande op mekaar gelê het, wat siek en beproefd is, genees sal word op hierdie tydstip.

224 Laat die groot Heilige Gees deur die gebou gaan juis nou en elkeen gesond maak. Red almal, Here. Gee so 'n ondervinding. Stort die Heilige Gees uit, op hierdie gehoor. O, ons sien op na U om groot dinge te doen hierdie komende week. Laat dit net so wees, Here, sommer nou, in die Naam van Jesus Christus.

225 Nou laat ons almal op ons voete staan. Glo julle met julle hele hart? Nou, ek wonder of ons suster, daar by die klavier, ons 'n—'n—'n akkoordjie sal gee van: "Ek Sal Hom Prys. Ek Sal Hom Prys." Het julle dit al gehoor? Nou laat ons dit sing, saam. Nou ons sal hoop om julle môreaand te ontmoet. Nou sal ons amptelik verdaag, binne net 'n oomblik, maar ek wil hierdie lied saam met julle sing. Goed, laat ons begin.

Ek sal Hom prys, (kom ons steek ons hande op) Ek sal Hom prys,
Prys die Lam vir sondaars geslag;
Bring Hom ere, al jul volke,
Want Sy Bloed reinig elke vlek.

226 Laat ons nou ons hoofde buig vir die verdagingsgebed. Goed, Broer Jewel Rose gaan ons verdaag. God seën jou, Broer Rose, terwyl ons het ons . . .

'N PARADOKS AFR65-0117
(A Paradox)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer op Sondagmiddag, 17 Januarie 1965, vir die Volle Evangelie Sakemanne se Internasionale Gemeenskap by die Westward Ho Hotel in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2008 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org